# DIE SWART LUIPERD

No 63

## Offer vir die Slanggod



MEIRING FOUCHÉ

Tydens die oproer wat in die Kongo uitgebreek het toe daardie barbaarse land sy onafhanklikheid gekry het, het selfs die Swart Luiperd dit veiliger geag om sy geliefde oerwoud tydelik te verlaat.

Op sy pad na die grens was hy nie verbaas om 'n blanke vlugteling-gesin te vind wat hulle teen 'n klomp verwoede Baloeba-krygsmanne moes verdedig nie, want teen daardie tyd het dit reeds 'n alledaagse gebeurtenis geword.

Wat vir die Swart Luiperd egter van groter belang was, is die mededeling dat daardie vlugteling-gesin 'n seuntjie in die oerwoud moes agterlaat in hul haastige vlug. Dit het vir die Swart Luiperd net een ding beteken: 'n nuwe gevaarlike avontuur.

Stofomslag: Willie du Plooy


6 000256 000063

# DIE SWART LUIPERD

No 63

## Offer vir die Slanggod

R2
a.v.b. uitgesluit



## INHOUD

Hoofstuk Bladsy


1. Kind in Gevaar ........................................ 3
2. Afgryslike Toneel ........................................ 10
3. Moordlied in die Nag ........................................ 17
4. Tempel van die Slanggod ........................................ 24
5. Op die Altaar ........................................ 31
6. Dood en Verwoesting 38
7. Fakkels in die Oerwoud ........................................ 46
8. Vlamme Knetter ........................................ 53
9. Groot Oormag ........................................ 61
10. Ontsettende Slagting ........................................ 70


Hoofstuk 1

# KIND IN GEVAAR

Die groot swart hings snel na die suide deur die oerwoud van die provinsie katanga van Zaire. Hy beweeg in die rigting van die grens van Zambia want in Zaire is die verderf los. In die opstand van die inboorlinge is die lewe van geen blanke meer veilig nie. Daarom dat die swart hings en sy baas so haastig is na die suide. Nie dat hulle vrees nie, maar die oormag is so geweldig, die hinderlae is so verraderlik en die uitmoording so wreed dat die Suid-Afrikaanse oerwoud-swerwer, die Swart Luiperd, besluit het om eerder pad te gee uit die onstuimige, bloedige Zaire.

Hulle beweeg nie padlangs nie, want padlangs is dit gevaarlik. Die verwoede inboorlinge weet goed dat die blankes padlangs vlug en daarom konsentreer hulle langs die paaie. Die Swart Luiperd beweeg 'n entjie van die pad af en hy het sy twee mak luiperds, Simson en Spikkels, ver vooruit gestuur om brandwag te speel want hy wil nie graag op hierdie reis in 'n hinderlaag gelok word deur die woedende Baloeba-stamgenote nie. Daarvoor het hy sy lewe te lief.

Eintlik moes hy lankal weg gewees het uit Zaire. Maar toe is 'n taak aan hom opgedra—heeltemal onverwags—en hy kon dit nie weier nie. Hy moes Zaire binne om 'n geleerde en sy vrou te gaan red uit die hande van die opstandelinge. Daarin het hy geslaag en hy was pas daarmee klaar of hy het besluit om die groen woude en die pragtige natuurskoon van Zaire vaarwel te sê.

Hy ry net deur 'n kleinerige spruit wat nie te diep of te sterk vloei nie, toe hy meteens 'n geweerskoot op regs hoor. Hy ruk sy perd onmiddellik tot stilstand en die groot hings, Donker, kap ongeduldig met die voorpoot asof hy besef dat hier nie nou tyd is om te versuim nie. Op die reis tot hier moes die hings al dikwels ál

sy krag uithaal om weg te storm voor die agtervolgers of om tussen hulle uit te jaag.

Nog 'n geweerskoot val—nog een en nog een. Dit is sommer hier digby en die Luiperdman besef dat dit op die pad moet wees.

Sonder om te aarsel, sonder om te twyfel en sonder om te dink, druk hy vir Donker in die rigting waar die skote val. Hy weet dat daar nou fout is want nie alleen hoor hy die skote nie maar hy hoor ook die hoe skril oorlogslied van die Baloeba-stam. Dit is 'n oorlogskreet wat hoog en trillend volgehou word en dit is deurspek deur die geweerskote.

Toe die Swart Luiperd onder 'n reuse-geelhoutboom tot stilstand kom, bevind hy hom langs die pad en sien hy 'n toneel wat sy hart laat koud word. Wat hy sien, vind nie meer as vyftig tree van hom af plaas nie.

In die pad staan 'n swaar belaaide motor. Dit is tot stilstand gedwing deur 'n padversperring wat net om 'n draai aangebring is. En om die vasgekeerde motor dans en spring en skreeu seker 'n twintigtal Baloeba-krygsmanne. Elke keer spat 'n blou rokie uit die voertuig soos daaruit geskiet word. Die Luiperdman besef meteens hoe hopeloos en wanhopig die posisie van die insittendes van daardie motor is.

Dit is net 'n kwessie van tyd voordat wie ook al in daardie motor is, bloedig om die lewe gebring sal word. Daardie twintig dansende, springende, skreeuende barbare is bewapen met pyl-en-boog, met aaklige pangas, met knopkieries en spiese.

Die vuur uit die motor is klaarblyklik nie baie doeltreffend nie. Hier en daar word skynbaar een gewond, maar dit dryf die bloeddorstigheid en die oorlogsugtigheid van die dansende krygers blykbaar net hoer op.

Die Swart Luiperd weet dat hierdie 'n oomblik is waar hy moet ingryp as hy nie 'n aaklige drama wil aanskou nie. In oomblikke soos hierdie ken hy geen vrees nie en dan gooi hy ver-





sigtigheid in die wind.

Soos blits is sy lang boog in sy hande en die volgende oomblik vlieg die eerste pyl van die snaar af. 'n Lang Baloeba klim hoog in die lug, skreeu en tol om daar in die pad. Hy het nog nie eens geval nie, toe die tweede een die doodspyl kry.

Die Swart Luiperd skiet met 'n snelle en woedende doelbewustheid. En elke pyl wat vlieg, eis 'n slagoffer. Met 'n pyl-en-boog skiet hy nie mis nie, tensy iets baie eienaardigs gebeur. 'n Teiken kan beweeg soos hy wil, hy tref hom wanneer hy eers goed aangelê het.

In 'n ommesientjie sterf agt van die Baloebas met pyle in hul liggame daar op die verstoorde grond waar hulle die voertuig omsingel het.

Die ander kom verskrik tot staan. Hulle kan nie uitmaak waarvandaan hierdie skielike dood dan aangevlieg kom nie. Hulle kyk vervaard rond, maar hulle sien niks want die Luiperdman het sy hings diep onder die oorhangende klimop onder 'n geelhoutboom ingetrek.

Toe doen hy wat enige ervare man in omstandighede soos hierdie sal doen. Dit is iets wat hy geleer het uit die stryd en die ervarings van die Voortrekkers. Hulle het geleer dat jy die leier om die lewe moet bring.

Nou ken die Swart Luiperd die leier onmiddellik uit. Hy is 'n besonder lang inboorling met allerhande tierlantyntjies aan sy liggaam. Die Swart Luiperd se pyl tref hom hoog in die bors sodat hy met 'n fyn deurdringende skreeu eers daar rond trippel en toe agteroor slaan.

Dit is vir die omsingelaars te veel. Hul moed begewe hulle, hulle swaai om en kies die hasepad. Maar hulle bereik nie die veiligheid van die oerwoud voordat die Swart Luiperd nog drie met die pyl grond toe gebring het nie.

Toe dit stil is om die motor, beweeg hy vorentoe, maar eers

nadat hy die omgewing noukeurig bespied het om te sien of een of meer van die aanvallers nie naby die voertuig tussen die bome skuil nie. Maar die pylereën was blykbaar vir die klompie Baloebas te veel. Hy hoor net takke kraak soos hulle die loop neem.

In die motor kom die Luiperdman op 'n sonderlinge gesig af. Agter die stuurwiel sit 'n blanke man in die laaste stadium van skok en uitputting. Langs hom sit sy vrou, en op haar gesig kan die Luiperdman sien dat sy op die rand van histerie is. Agter tussen die bagasie sit twee jong meisiekinders.

Toe hy langs hulle stilhou en uit die saal klim, kyk hulle verskrik en verwese na hom maar hy praat onmiddellik om hulle gerus te stel. Hy het in elk geval nie sy tiermasker aan wat hy gewoonlik in die oerwoud dra en wat hom die voorkoms gee van half-mens half-tier nie. Hy is 'n gewone man met donker hare, blou oë en 'n welige swart baard.

Die man praat eerste. ‚Wat het gebeur?' vra hy, ‚wat het gebeur dat hulle gevlug het? Ons patrone was byna op.'

„Ek het hulle onder die pyle gesteek," sê die Luiperdman.

„Wie is u en waar kom u vandaan?" vra die man.

„Hulle noem my die Swart Luiperd," antwoord hy. „Ek is 'n swerwer van die oerwoud en ek is op pad na Zambia. Ek het die skote gehoor en ek het nader gekom."

Hy sien die lig van bewondering in die man se moeë oë. „So, dan is u die Swart Luiperd," fluister hy. „Ek het al dikwels van u gehoor. Goddank dat u opgedaag het of anders was dit klaar met ons."

Die Luiperdman kyk na die vrou. Haar oë is groot en verstar. Hy sien in haar oë iets meer as vrees en skok. Hy besef dat die vreemde uitdrukking op haar gesig iets bedek. Iets dieper en aakliger as die ondervinding wat hulle hier met die Baloebas gehad het. Daarom neem die Luiperdman die flessie brandewyn uit die saalsak en bied dit vir haar aan. Haar man moet haar help want sy is





skynbaar tot geen beweging in staat nie. Sy neem 'n paar slukke en toe die hitte van die drank haar versteende gees en liggaam aanraak, verslap sy, die rewolwer gly uit haar hande en sy kantel om. Dit lyk asof sy onmiddellik aan die slaap is.

„En u?" vra die Luiperdman, „is u Belgiese vlugtelinge?"

„Ons is vlugtelinge," sê die man. „My naam is Emil de Vlamingh. Ons is aan vlug na die naaste soldatepos van die V.V.O. Ons het gehoor dat so 'n pos 'n ent vorentoe is. Maar hier het hulle ons voorgekeer."

„U sal moet gou maak," sê die Luiperdman, „want ek dink u vrou is in 'n ernstige toestand van skok. Het sy dan so groot geskrik vir die Baloebas?"

Emil de Vlamingh klim uit die motor en staan moeg in die stowwerige pad. Met uitgeputte oë kyk hy na agter toe. „Nee," sê hy, „dit is nie haar skrik vir die Baloebas wat haar in die toestand gebring het nie. Dit is veel meer as dit."

Die Swart Luiperd kyk net vraend na die man.

„Ons seun. . . ons oudste seun het agtergebly," sê die man.

Die Luiperdman voel 'n yskoue prikkeling dwarsdeur sy liggaam tot in sy vingertoppe. Dit voel vir hom asof sy hare op sy kop rys.

„U seun het agtergebly?" vra hy verdwaas. „Hoe oud is hy dan?"

„Hy is nege jaar," antwoord De Vlamingh en sy gesig lyk grys en oud. Dit lyk asof die skok alles in hom gebreek het.

„Maar waarom?" vra die Luiperdman. „Waarom het hy dan agtergebly?"

De Vlamingh maak 'n wanhopige gebaar met sy hande. Hy hurk daar in die pad en die Luiperdman sien die trane in sy oë.

„Hulle het ons oorval," sê hy. „Hulle het ons oorweldig. Ons het net kans gehad om 'n paar tasse wat gepak was en gereed gestaan het, in die motor te slinger en weg te jaag. Vir my en my

vrou was dit die bitterste besluit van ons hele lewe. Ons seun Felix het saam met 'n bediende die oerwoud ingegaan op soek na voëls. Hy doen dit altyd. Hy het 'n hele versameling buitengewone voëls. Ons het hom gewaarsku om nie te gaan nie maar gistermiddag het hy weggesluip sonder dat ons dit geweet het. En toe die Baloebas aanval, moes ons besluit of ons gaan veg en wag totdat hy kom en of ons moet vlug."

Hy skud sy kop. „Wat 'n dag was dit nie," sê hy. „Wat 'n bittere dag was dit nie. Ons moes besluit of ons ons eie veiligheid gaan waag en dié van ons ander twee kinders om te wag op Felix. Ons het besluit om te vlug want 'n troue bediende het kom sê dat die Baloebas in groot getalle om ons plaas saamtrek. Hy het nog skaars die boodskap gebring of hulle het aangeval. Ek het letterlik deur hulle gejaag. Ek weet nie hoeveel ons doodgetrap het nie. Maar ons moes Felix agterlaat. Ek . . . ek het aangeneem dat hy reeds dood is. Daarom het ons gevlug om te red wat ons nog kon red."

„Ek weet dat dit 'n bittere besluit moes wees," sê die Luiperdman, „maar ek dink u het reg besluit. Dit was reg dat u besluit het om nie vier lewens te offer ter wille van een nie. Al was dit ook vir u hoe aaklig om tot daardie besluit te kom."

„En tog," sê Emil de Vlamingh, „tog dink ek hy leef. Ek het die gevoel hier in my hart. Ek gaan my vrou en my twee dogters net tot by die V.V.O.-pos neem en daar hulp soek. Dan gaan ek Felix soek. Ek sal hom gaan soek, al moet ek alleen teruggaan. Die gevaar is net dat hulle hom so ver kan wegvoer dat ek hom nooit weer kry nie. Tyd is nou my grootste vyand."

„Nee, u moet nie teruggaan nie," sê die Swart Luiperd, „want dan gaan u u dood soek. En ek twyfel of die V.V.O.-magte manne sal afstaan vir so 'n soektog. Hulle het dit uiters moeilik want die inboorlinge het nou selfs teen hulle gedraai. Ek het drie dae gelede gehoor dat 'n V.V.O.-patrollie wreed uitgemoor is.





Daarom twyfel ek of die V.V.O. weer manne sal afsonder om alleen die wildernis in te gaan."

Emil de Vlamingh staan op. „Nou wat moet ek doen?" vra hy. „Ek moet weet of my kind dood is of leef. Ek moet! Al moet ek ook my eie lewe daarvoor offer."

Die Swart Luiperd staan stil daar, want hy worstel met 'n groot besluit. Hy kyk na die gehawende, uitgeputte man. Hy kyk na die slapende vrou en na die twee verskrikte dogtertjies agter in die motor en hy dink aan 'n seun miskien heeltemal alleen in die hande van die Baloeba-krygers. Toe sidder hy.

En toe hy sidder, toe praat Emil de Vlamingh. In woorde spreek hy die gedagte uit wat toe juis deur die Swart Luiperd se binneste flits.

„Wat ek die meeste vrees," sê Emil de Vlamingh. In woorde spreek hy die gedagte uit wat toe juis deur die Swart Luiperd se binneste flits.

„Wat ek die meeste vrees," sê Emil de Vlamingh, „is dat ons Felix die slagoffer sal word van hul toordokters. Weet jy wat dit beteken, Oerwoudman? Weet jy hoe wreed dit is? En ek weet hulle glo dat die bloed van 'n jong blanke seun hulle onoorwinlik sal maak. Dat daardie bloed hulle in staat sal stel om ál hul vyande te oorwin."

Die Swart Luiperd se woorde word sag uitgespreek, maar hulle klink hard en onnatuurlik indringend in die koelte van die oerwoud.

„Ek sal gaan," sê die Suid-Afrikaner. „Ek sal teruggaan en jou seun gaan soek."

Emil de Vlamingh se oë word groot asof hy 'n pragtige visoen voor hom sien. Toe spring hy vorentoe, gryp die groot man se hande vas en soen hulle.

## AFGRYSLIKE TONEEL

Daar in die verlate pad van Zaire, tussen die lyke van die Baloebas langs die verweerde motor maak die Swart Luiperd sy hande verleë los uit die hande van die vlugteling.

Emil de Vlamingh kom orent, ,,God sal jou seën,'' sê hy vir die Oerwoudman, ,,omdat jy jou ontferm oor 'n vreemde seun.''

,,Ek sê nie ek sal slaag nie,'' sê die Swart Luiperd beskeie, ,,maar ek reken ek het 'n beter kans as u omdat ek die oerwoud ken, omdat ek vertroud is met sy gevare en omdat die taktiek en die optrede van die Baloebastam vir my nie onbekend is nie.''

,,Ek weet nie hoe om u te dank nie,'' sê Emil de Vlamingh. ,,As daar net weer hoop kan wees in die hart van my vrou, dan sal dit met haar beter gaan. Maar nou is sy geruïneer deur skok en deur die geloof dat Felix die slagoffer sal word van hierdie wrede barbare. As daar iets is wat ek kan doen, sê dit asseblief want dit is my seun.''

,,Nee, daar is niks wat u kan doen nie,'' sê die Luiperdman. ,,Wanneer ek iets soos hiedie onderneem, dan wil ek alleen wees— heeltemal alleen, want dan weet ek hoe om op te tree en dan het ek geen verantwoordelikheid teenoor iemand nie.''

,,Ek moes u dit liewer nie vertel het nie,'' sê De Vlamingh, ,,want nou gaan u u lewe in u hande neem. Die oerwoud na agtertoe wemel van opstandige Baloebas. Hulle sal enige blanke probeer vernietig.''

,,My besluit om terug te gaan,'' sê die Luiperdman, ,,is my eie besluit, De Vlamingh; as iets my oorkom, dan het jy geen rede om jouself te verwyt nie.''

Hulle staan nog en praat toe 'n pyl die kap van die motor skrams tref en oor hulle weg fluit. Die Luiperdman stamp vir De





Vlamingh agter die beskutting van sy motor in en spring self opsy. Op die draai in die pad staan agt Baloeba-krygers wat van agter af aangekom het. Maar hulle het nog skaars vasgesteek toe tref die Luiperdman se pyl die eerste een.

De Vlamingh kruip om die motor, ruk die deur oop en trek sy geweer uit.

Die Luiperdman sien hoedat hulle aangroei in die pad. Hy skiet en De Vlamingh skiet, maar roekelose woede het die klomp inboorlinge vreesloos gemaak. Meer en meer kom aan uit die oerwoud en sluit aan by die bondel wat daar op die draai van die pad vergader. Die Luiperdman weet dat hierdie die oomblik is vir vinnige optrede. Daarom fluit hy op sy tiers, gee aan hulle daarmee 'n bevel, en toe die Baloebas hulle weer kom kry, storm twee verwoede jagluiperds op hulle af. Dit word 'n chaos van verskrikte inboorlinge, vliegende naels en flitsende tande. Spikkels en Simson probeer nie een Baloeba dood nie maar hulle kwes hulle aaklig met nael en tand. En onderwyl hulle daarmee besig is, kap die Swart Luiperd die Baloebas wat eenkant uitgespring het, met die pyle om. De Vlamingh eis ook sy slagoffers en binne 'n ommesientjie is die groep agtervolgers opgebreek deur die woedende aanslag van die twee luiperds.

,,Ons kan nie langer wag nie,'' roep die Luiperdman, gryp vir Donker, kap 'n stuk jong bobbejaantou af, maak dit om die perd se nek vas en toe die verstommende De Vlamingh weer opkyk, is die Luiperdman reeds besig om die boomstamme uit die pad te sleep.

,,Bly maar by die motor, De Vlamingh,'' beveel die Luiperdman. ,,Bly by die motor en skiet as jy een sien.''

Met Donker se krag sleep hy die pad gou skoon, toe maak hy die bobbejaantou los, haas hom terug na die motor en beveel vir De Flamingh om te ry.

Maar voordat hy ry, het die Belg nog 'n mededeling. ,,Daar is nog iets wat jy moet weet, Oerwoudman,'' sê hy. ,,Ek het 'n studie